

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

---

WEDNESDAY, 20 MARCH 2013

1. The House met at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:17] The Speaker gave a ruling concerning a remark made by the hon V Hani during the debate on 26 February 2013 and directed her to withdraw the remark.  
  
Whereupon the Member withdrew the remark and apologised.
4. [14:20] Interpellations.
5. [15:04] Questions.
6. [16:07] Statements by Members.
7. [16:31] Mr R B Lentit moved without notice: That the House congratulates Mr R van Staden, currently an educator at the Athlone School for the Blind in Bellville South, who –
  - (1) completed his school career from Grade 1 to Grade 12 at this special school; and
  - (2) after completing his matric, studied and achieved his educational qualification at the University of the Western Cape.Agreed to.
8. Ms V Hani moved without notice: That the House—
  - (1) extends its condolences to the families and friends of the people who lost their lives in the Kayamandi shack fires on Thursday, 14 March 2013; and
  - (2) sympathises with all the injured persons and displaced families who lost all their belongings in this devastating fire.Agreed to.
9. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House—
  - (1) expresses its deepest sympathy with the families of all the victims of the horrific bus accident in Hex River Pass and with those who were injured in this tragic accident on Friday, 15 March 2013;

(2) notes that the passengers on the bus were all members of the Twelve Apostles Church in Christ in Khayelitsha on their way back to Cape Town from Secunda; and

(3) wishes all the injured a speedy recovery.

Agreed to.

10. Mr A M Figlan moved without notice: That the House notes with great gratitude and appreciation that, on Monday 18 March 2013, the late Mr Hassan Howa, one of the founding members of the anti-apartheid South African Cricket Board of Control (SACBOC), was posthumously honoured with an honorary doctorate degree (DPhil in Community and Health Sciences) from the University of the Western Cape.

Agreed to.

11. Mr G R C Haskin moved without notice: That the House –

(1) notes and supports the significant importance of Earth Hour, a global initiative by the World Wildlife Fund, which takes place on Saturday, 23 March 2013, between 20:30 and 21:30; and

(2) calls on all electricity users in the Western Cape–

(a) to switch off all non-essential appliances working with electricity for that hour; and

(b) also to commit to sustain this initiative by permanently changing electricity usage patterns this year and in future years.

Agreed to.

12. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House expresses its deepest sympathy with the family and friends of Sergeant Francois Jacobs, a member of the South African Police Service stationed at Gugulethu, who was brutally murdered in the Nyanga Vlei informal settlement on Monday, 18 March 2013.

Agreed to.

13. Mr J J Visser moved without notice: That the House—

(1) expresses its condolences with the family and colleagues of Corne Booyens of Melkbosstrand, who was killed tragically in an accident as a result of a crash with two hijackers in the city centre of Cape Town early Monday morning, 4 March 2013; and

(2) notes that she will be remembered for the dedication and enthusiasm with which she approached her work in the provincial Department of Local Government.

Agreed to.

14. Mr M C Walters moved without notice: That the House—

(1) congratulates Minister Gerrit van Rensburg, the Western Cape Minister of Agriculture, on being intronised as a *Commandeur du Vin de Bordeaux en Afrique du Sud*, by Hanneli Rupert-Koegelenberg and Danie de Wet at a function on Vergelegen Farm near Somerset West on Wednesday, 13 March 2013;

- (2) notes that the Commanderie extended this distinction because of the Minister's ongoing contribution to the South African wine industry in general and in particular to the Western Cape Burgundy Exchange Programme, which allows between 20 and 30 Western Cape workers in the agricultural and related sectors to hone their skills in France each year; and
- (3) believes that this recognition is indeed a great honour for Mr Van Rensburg, the Western Cape Minister.

Agreed to.

15. Mr M Ozinsky moved without notice: That the House shows its respect to the family, comrades and friends of the late comrade Christopher Msabalala, a veteran of uMkhonto weSizwe, who passed away at the end of February 2013.

Agreed to.

16. Ms B G Mbalo moved without notice: That the House conveys its condolences to the family, friends and comrades of the late Mavis Makeleni, a veteran activist of the African National Congress in the Western Cape, who will be laid to rest on Saturday, 23 March 2013.

Agreed to.

17. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House congratulates the Cape Town International Airport on its rating as the best airport in Africa, for the third year in a row, by Airports Council International in its global survey on service quality at airports.

Agreed to.

18. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House conveys its condolences to—
- (1) the family and friends of Uviwe Mzingelwa, who was tragically killed on 19 March 2013 whilst travelling on a Golden Arrow Bus; and
- (2) the other learners and the teachers at Ned Doman Secondary School in Athlone, where Uviwe, who was 17 years old, was a learner.

Agreed to.

19. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and colleagues of Gavin Mkhize, an officer in the South African Police Service who was killed earlier in 2013.

Agreed to.

20. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House—

- (1) expresses great relief with the United Arab Emirates (UAE) medical board decision exonerating Professor Cyril Karabus, a respected and elderly medical doctor from Cape Town, of any wrong-doing in his treatment of a terminally ill child in the United Arab Emirates 10 years ago; and
- (2) hopes that he will now be allowed to return home without delay after spending seven months in detention in that country.

Agreed to.

21. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House—

- (1) extends its thanks and appreciation to the medical emergency staff, as well as to Ms Joey van der Westhuizen, principal of the Cheré Botha School in Bellville, for the quick and efficient action taken by them that prevented possible fatal consequences when children were attacked by six swarms of bees this morning while they were walking on the school grounds during an outing; and
- (2) wishes the 26 learners and four teachers of this LSEN school (school for learners with special needs) who have been hospitalised a speedy recovery.

Agreed to.

22. Ms V Hani moved without notice: That the House congratulates the anti-apartheid struggle poet from the Cape Flats, James Matthews, for having received an honorary doctorate at the age of 86 from the University of the Western Cape.

Agreed to.

23. Ms M Tingwe moved without notice: That the House commends African National Congress member of the National Assembly, MP Lumka Yengeni, for initiating a successful Grade 12 Mathematics and Physical Science tuition programme at four high schools in Langa.

Agreed to.

24. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House –

- (1) congratulates Lynne Brown and Mcebisi Skwatsha on being elected to the National Executive Committee of the African National Congress;
- (2) notes that Marius Fransman has not been elected as a member of the NEC; and
- (3) congratulates Lynne Brown and Mcebisi Skwatsha on their deployment to the Northern Cape.

Agreed to.

25. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House gives recognition to Mr Kenny Africa, the traffic head in the Western Cape, and to his staff and the staff of the emergency services (EMS) for the dedication and professionalism with which they were performing their duties when they had to deal with the tragic bus accident at De Doorns on Friday, 15 March 2013.

Agreed to.

26. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House –

- (1) gives recognition to the members of the rescue services and to the fire fighters of the Western Cape; and
- (2) thanks them for their ceaseless diligence and dedication to assist victims of road accidents and to prevent and put out fires in the past season.

Agreed to.

27. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of anti-apartheid activist, prominent member of the South African Communist Party, outspoken figure during the 1956 women's march against the pass laws, gender activist, and former African National Congress Member of the National Assembly, Amina Cachalia, who passed away earlier this year.

Agreed to.

28. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House—
- (1) congratulates all winners at the Fleur du Cap Theatre Awards ceremony, hosted at the Artscape Theatre in glamorous style; and
  - (2) notes that each winner of the 20 different categories received a silver medallion and a cash prize of R15 000-00.

Agreed to.

29. Ms M Tingwe moved without notice: That the House extends its condolences to the family, friends and comrades of student leader, gender activist, former national Treasurer-General of the South African Students Congress (SASCO), member of the African National Congress, and official in the national Department of Higher Education, Babalwa Ntabeni, who passed away last week on Wednesday, 13 March 2013.

Agreed to.

30. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House wishes the organisers of and participants in the Cape Epic mountain bike race, considered by many as the premier event of its kind in the world, all the best for a successful completion to this epic race.

Agreed to.

31. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House extends its heartiest congratulations to Rhett Halkett on being appointed as the captain of the national men's hockey team with the task to build the team for the Rio Olympic Games in 2016.

Agreed to.

32. [16:50] FIRST ORDER

Consideration of principle of *Western Cape Appropriation Bill* [B 2 - 2013] (Minister of Finance, Economic Development and Tourism).

Debate concluded.

Principle of the Bill approved.

33. [18:47] SECOND ORDER

Finalisation of the *Western Cape Transport Infrastructure Bill* [B 9 – 2012] (Minister of Transport and Public Works).

Debate concluded.

Bill finalised.

34. [18:50] THIRD ORDER

Finalisation of the *Cape Town International Convention Centre Company Amendment Bill* [B 10 B – 2012] (Minister of Finance, Economic Development and Tourism).

Debate concluded.

Bill finalised (ANC dissenting).

35. The House adjourned at 19:00.

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

## VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE

# PROVINSIE WES-KAAP

=====

WOENSDAG, 20 MAART 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:17] Die Speaker gee 'n beslissing oor 'n opmerking wat die agb V Hani gedurende die debat op 26 Februarie 2013 gemaak het en gelas haar om die opmerking terug te trek.  
Die Lid trek daarop die opmerking terug en vra om verskoning.
4. [14:20] Interpellasies
5. [15:04] Vrae.
6. [16:07] Verklarings deur lede.
7. [16:31] Mnr R B Lentit stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwense oordra aan mnr R van Staden, tans 'n opvoeder aan die Athlone Skool vir Blindes in Bellville-Suid, wat –
  - (1) sy skoolloopbaan van Graad 1 tot Graad 12 by dié spesiale skool voltooi het; en
  - (2) nadat hy matriek geslaag het, gestudeer het en sy opvoedkundige kwalifikasie aan die Universiteit van Wes-Kaapland behaal het.Goedgekeur.
8. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—
  - (1) sy medelye uitspreek teenoor die familie en vriende van die mense wat op Donderdag, 14 Maart 2013, in die brande in die krotgeboutjies in Kayamandi omgekam het; en
  - (2) sy meelewing oordra aan al die beseerde persone en ontwortelde families wat al hulle besittings verloor het in dié vernietigende brand.Goedgekeur.
9. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—
  - (1) sy innige medelye uitspreek teenoor die families van al die slagoffers van die verskriklike busongeluk in die Hexrivierpas en teenoor diegene wat in dié tragiese ongeluk op Vrydag, 15 Maart 2013, beseer is;

- (2) daarop let dat die passasiers op die bus almal lede was van die Twaalf Apostels Kerk in Christus in Khayelitsha op pad terug Kaapstad toe van Secunda af; en
- (3) almal wat beseer is 'n spoedige beterskap toewens.

Goedgekeur.

10. Mnr A M Figlan stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met groot dankbaarheid en waardering daarvan kennis neem dat wyle mnr Hassan Howa, een van die stigterslede van die anti-apartheid *South African Cricket Board of Control* (SACBOC), op Maandag, 13 Maart 2013, posthuum vereer is met 'n eredoktorsgraad (DPhil in Gemeenskaps- en Gesondheidswetenskappe) van die Universiteit van Wes-Kaapland.

Goedgekeur.

11. Mnr G R C Haskin stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) kennis neem van, en sy ondersteuning verleen aan, die betekenisvolle belang van Aarde-uur, 'n wêreldwye inisiatief deur die World Wildlife Fund, wat op Saterdag, 23 Maart 2013, tussen 20:30 en 21:30 plaasvind; en
- (2) 'n beroep doen op alle gebruikers van elektrisiteit in die Wes-Kaap–
  - (a) om gedurende daardie uur alle nie-noodsaaklike toestelle wat van elektrisiteit gebruik maak af te skakel; en
  - (b) om hulle ook daartoe te verbind om stukrag te verleen aan hierdie inisiatief deur vanjaar en in die jare wat kom die gebruikspatrone van elektrisiteit permanent te verander.

Goedgekeur.

12. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy diepe meegevoel uitspreek teenoor die familie en vriende van sersant Francois Jacobs, lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat in Gugulethu gestasioneer was, wat op Maandag, 18 Maart 2013 wreed vermoor is in die informele nedersetting Nyanga Vlei.

Goedgekeur.

13. Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—

- (1) sy medelye betuig met die familie en kollegas van Corne Booyens van Melkbosstrand, wat vroeg Maandagoggend, 4 Maart 2013, tragies gesterf het in 'n ongeluk as gevolg van 'n botsing met twee kapers in die middestad van Kaapstad; en
- (2) daarop let dat sy onthou sal word vir die toewyding en entoesiasme waarmee sy haar werk in die provinsiale Departement van Plaaslike Regering benader het.

Goedgekeur.

14. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—

- (1) Minister Gerrit van Rensburg, die Wes-Kaapse Minister van Landbou, gelukwens met sy inswering deur Hanneli Rupert-Koegelenberg en Danie de Wet as 'n *Commandeur du Vin de Bordeaux en Afrique du Sud*, by 'n byeenkoms op Woensdag, 13 Maart 2013, op die plaas Vergelegen naby Somerset-Wes;

- (2) daarop let dat die Commanderie dié eerbewys aan die Minister toegeken het op grond van sy voortgesette bydrae tot die Suid-Afrikaanse wynbedryf in die algemeen en in die besonder tot die Wes-Kaapse Boergondiese Uitruilprogram, ingevolge waarvan tussen 20 en 30 werkers uit die Wes-Kaap in die landbousektor en verwante sektore elke jaar in staat gestel word om hulle vaardighede in Frankryk te gaan verbeter; en
- (3) van mening is dat dié erkenning inderdaad 'n groot eer is vir mnr Van Rensburg, die Minister van die Wes-Kaap.

Goedgekeur.

15. Mnr M Ozinsky stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy respek betoon teenoor die familie, kamerade en vriende van wyle kameraad Christopher Msabalala, 'n veteraan van uMkhonto weSizwe, wat aan die einde van Februarie 2013 oorlede is.

Goedgekeur.

16. Me B G Mbalo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye oordra aan die familie, vriende en kamerade van wyle Mavis Makeleni, 'n veteraan aktivis van die African National Congress in die Wes-Kaap, wat op Saterdag, 23 Maart 2013, te ruste gelê sal word.

Goedgekeur.

17. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Kaapstadse Internasionale Lughawe gelukwens met die aanwysing as die beste lughawe in Afrika, die derde keer agtereenvolgens, deur *Airports Council International* in die wêreldwye opname wat die gehalte van diens by lughawens beoordeel.

Goedgekeur.

18. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor—

- (1) die familie en vriende van Uwiwe Mzingelwa, wat op 19 Maart 2013 op tragiese wyse gesterf het terwyl hy op 'n Golden Arrow bus gery het; en
- (2) die ander leerders en die onderwysers by die Ned Doman Sekondêre Skool in Athlone, waar Uwiwe, wat 17 jaar oud was, 'n leerder was.

Goedgekeur.

19. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel oordra aan die familie, vriende en kollegas van Gavin Mkhize, 'n polisiebeampte in die Suid-Afrikaanse Polisie, wat vroeër in 2013 gedood is.

Goedgekeur.

20. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—

- (1) met groot verligting kennis neem van die feit dat die mediese raad van die Verenigde Arabiese Emirate(VAE) besluit het om professor Cyril Karabus, 'n gerespekteerde en bejaarde mediese dokter van Kaapstad, vry te spreek van enige oortreding in sy behandeling 10 jaar gelede van 'n kind in die VAE wat terminaal siek was; en



- (2) die hoop uitspreek dat hy nou toegelaat sal word om sonder versuim terug te keer huis toe nadat hy die afgelope sewe maande in aanhouding in daardie land moes deurbring.

Goedgekeur.

21. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—

- (1) sy dank en waardering oordra aan die mediese nooddienpersoneel, sowel as aan me Joey van der Westhuizen, skoolhoof van die Cheré Botha-skool in Bellville, vir hul spoedige optrede en die doeltreffende stappe deur hulle gedoen, wat moontlike noodlottige gevolge voorkom het toe die kinders vanoggend deur ses swerms bye aangeval is tydens 'n uitstappie op die skool se gronde; en
- (2) die 26 leerders en vier onderwysers van dié LSOB-skool (skool vir leerders met spesiale behoeftes) wat gehospitaliseer is, beterskap en 'n spoedige herstel toewens.

Goedgekeur.

22. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis James Matthews, die anti-apartheidsdigter, die struggle-digter van die Kaapse Vlakte, gelukwens met die toekenning aan hom van 'n eredoktersgraad van die Universiteit van Wes-Kaapland op die ouderdom van 86 jaar.

Goedgekeur.

23. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis vir LP Lumka Yengeni van die African National Congress, wat 'n lid is van die Nasionale Vergadering, loof omdat sy by vier hoërskole in Langa 'n geslaagde onderrigprogram in Wiskunde en Fisika vir Graad 12-leerders van stapel gestuur het.

Goedgekeur.

24. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) Lynne Brown en Mcebisi Skwatsha gelukwens met hulle verkiesing tot die Nasionale Uitvoerende Komitee van die African National Congress;
- (2) kennis neem van die feit dat Marius Fransman nie as lid van die NUK verkies is nie; en
- (3) Lynne Brown en Mcebisi Skwatsha gelukwens met hulle ontplooiing in die Noord-Kaap.

Goedgekeur.

25. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan mnr Kenny Africa, die Wes-Kaapse verkeershoof, en aan sy personeel en dié van die nood- mediese dienste (EMS) vir die toewyding en professionaliteit wat hulle aan die dag gelê het tydens die hantering van die tragiese busongeluk by De Doorns op Vrydag, 15 Maart 2013.

Goedgekeur.

26. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—

- (1) erkenning gee aan die lede van die reddingsdienste en aan die brandbestryders van die Wes-Kaap; en

- (2) hulle bedank vir hul onverpoosde ywer en toewyding om in die afgelope seisoen die slagoffers van padongelukke by te staan en vure en brande te voorkom en te blus.

Goedgekeur.

27. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel oordra aan die familie, vriende en kamerade van die anti-apartheidsaktivis, prominente lid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, uitgesproke figuur gedurende die protesoptog deur vroue teen paswette in 1956, geslagsaktivis, lid van die African National Congress en voormalige lid van die Nasionale Vergadering, Amina Cachalia, wat vroeër vanjaar oorlede is.

Goedgekeur.

28. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis—

- (1) al die weners by die seremonie waar die Fleur du Cap teateroekennings op luisterryke wyse by die Kunstekaap-teater aangebied is, gelukwens; en  
(2) daarvan kennis neem dat elkeen van die weners van die 20 verskillende kategorieë 'n silwer medalje en 'n kontantprys van R15 000-00 ontvang het.

Goedgekeur.

29. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die familie, vriende en kamerade van die studenteleier, geslagaktivis, voormalige Tesourier-generaal van die South African Students Congress (SASCO), lid van die African National Congress, en amptenaar in die nasionale Departement van Hoër Onderwys, Babalwa Ntabeni, wat verlede week, op Woensdag, 13 Maart 2013, oorlede is.

Goedgekeur.

30. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die organiseerders van en deelnemers aan die Cape Epic bergfietswedren, 'n fietwedren wat deur baie as die voorste bergfietswedren van sy soort in die wêreld beskou word, alles van die beste toewens vir 'n suksesvolle voltooiing van dié epiëse wedren.

Goedgekeur.

31. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy hartlike gelukwensing oordra aan Rhett Halkett met sy aanwysing as die kaptein van die nasionale manshokkiespan met die taak om die span te bou wat in 2016 aan die Olimpiese Spele in Rio gaan deelneem.

Goedgekeur.

32. [16:50] EERSTE ORDER

Oorweging van beginsel van *Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 2 – 2013]* (Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme).

Debat afgesluit.

Beginsel van die Wetsontwerp goedgekeur.

29

33. [18:47] TWEEDE ORDER

Finalisering van die *Wes-Kaapse Wetsontwerp* op Vervoerinfrastruktuur [W 9 – 2012] (Minister van Vervoer en Publieke Werke).

Debat afgesluit.

Wetsontwerp gefinaliseer.

34. [18:50] DERDE ORDER

Finalisering van die *Wysigingswetsontwerp* op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy [W 10 B – 2012] (Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme).

Debat afgesluit.

Wetsontwerp gefinaliseer (met teenstem van ANC).

35. Die Huis verdaag om 19:00.

R G HINDLEY  
Sekretaris van die Provinsiale Parlement